SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association
Bewaring deur volhoubare benutting / Conservation through sustainable utilisation

HAELGEWEER SKIETOEFENINGE

INHOUDSOPGAWE

(A) UNIVERSELE REËLS BY HAELGEWEERSKIETOEFENINGE....3
ALGEMEEN 3
SKIETBAANVEILIGHEIDSREËLS EN STANDAARDBEVELE 3
STAND VAN SKUT EN GEWEERPOSISIE 3
HAELGEWERE 3
AMMUNISIE 4
WEIERING VAN 'N GEWEER 4
GEWEERBANDE 4
SKIETBAADJIES 4
BAANOFFISIER 4
VEILIGHEID 5
PUNTETELLING (ALLE OEFENINGE) 6
NO-BIRD – FOUTIEWE GEWEER OF AMMUNISIE 6
NO BIRD – FOUTIEWE TEIKEN 7
ERKENNING 7
MEDIESE OF FISIESE BEPERKING 7
UITTEL VAN WENNERS MET GELYKE TELLINGS TYDENS SKIETKOMPETISIES 7

(B) SKIETBAANVEILIGHEIDSREËLS EN STANDAARDBEVELE OP HAELGEWEERBANE 8
SKIETBAANVEILIGHEIDSREËLS VIR DEELNEMERS 8
STANDAARDBEVELE OP DIE SKIETBAAN 9
SAJWV HAELGEWEERSKIETOEFENINGE EN -SKIETKOMPETISIES 10
BALKIES 10

REËLS VIR DIE STREEK- EN NASIONALE SKIETKOMPETISIES 10
INTERTAK SPAN- EN STREEKKOMPETISIES 10
KATEGORIEË VAN INSKRYWING (KLASSE) 11
MEDALJES EN KWALIFISERING 11
NASIONALE HAELGEWEERKAMPIOENSKAPPE 12
STREEK EN NASIONALE KLEURE 12
REËNBELEID TYDENS STREEK EN NASIONALE SKIETKOMPETISIES VAN DIE SAJWV 12
BANE OP TAKVLAK 13

HS01 EEND HAELGEWEERSKIETOEFENING (SLEGS OP TAKVLAK, 25 KLEIE) 17
HS02 FISANT HAELGEWEERSKIETOEFENING (SLEGS TAKVLAK, 15 KLEIE) 19
HS03 KRANSDUIF HAELGEWEERSKIETOEFENING (SLEGS OP TAKVLAK, 20 KLEIE) 23
HS04 TARENTAAL HAELGEWEERSKIETOEFENING (SLEGS TAKVLAK, 25 KLEIE) 25
HS05 KOMPAK EN SPORTING HAELGEWEERSKIETOEFENING (SLEGS OP TAKVLAK, 25/50 KLEIE) 28
STREEKKOMPETISIES EN NASIONALE KAMPIOENSKAP (COMBINED PAIRS) 29
BAANUITLEG 31

(A) UNIVERSELE REËLS BY HAELGEWEERSKIETOEFENINGE

GELDIG VANAF 17 SEPTEMBER 2023

ALGEMEEN

Dié dokument, *Universele Reëls by Haelgeweerskietoefeninge*, is van toepassing op alle SAJWV se kleiteiken haelgeweerskietoefeninge.

SKIETBAANVEILIGHEIDSREËLS EN STANDAARDBEVELE

Verwys na *Skietbaanveiligheidsreëls en Standaardbevele vir Haelgeweerskietbane* (bl 5) vir laai, ontlaai en veiligheidsprosedures.

STAND VAN SKUT EN GEWEERPOSISIE

Skuts mag *geweer op* (*gun up* – kolf teen die skouer) of *geweer af* (*gun down* – kolf 10cm onder en los van skietskouer) staan voordat die klei gegooi word. In al SAJWV se kleiteikenskietoefeninge en kompetisies mag daar slegs na kleiteikens geskiet word met die geweer in die skouer (m.a.w. nie vanuit die heup of geweer los van die liggaam nie).

HAELGEWERE

Alle haelgewere is toelaatbaar, mits hulle nie groter as 12-boor is en die looplengte nie korter as 24 duim is nie. .410-boor haelgewere word toegelaat. Enkelskoothaelgewere mag slegs vir die fisantskietoefening gebruik word, behalwe waar die skut aanvaar dat hy slegs een skoot mag skiet na enige klei en die tweede klei op alle dubbelkleie sal verbeur. Onder geen omstandighede sal ’n skut toegelaat word om ’n enkelskoothaelgeweer te herlaai vir ’n tweede skoot op enige klei nie.

Semi-outomatiese en pompaksiehaelgewere word by takbyeenkomste toegelaat, mits die uitwerp van die gebruikte patroondoppe nie ander skuts ontwrig nie. Slegs twee patrone mag gelaai word. Dieselfde geld vir slotaksiehaelgewere met ’n magasyn. Pompaksie- en slotaksiehaelgewere sal volgens internasionale reëls nie op streek- en nasionale kleiteiken skietbyeenkomste toegelaat word nie. Drabande op haelgewere is verbode op ’n SAJWV kleiskietbaan. **Alle veranderinge aan haelgewere en omruil van wurg of lope mag nie gedurende die rondte gedoen word nie, maar wel tussen rondtes.** Skuts in dieselfde aflossing mag nie ’n haelgeweer deel nie.

AMMUNISIE

Slegs #7 tot #9 hael en ’n maksimum lading van 28 gram mag gebruik word in SAJWV haelgeweerskietoefeninge. Hierdie reël moet streng toegepas word omdat die gebruik van groter hael baie gevaarlik is vir uitval en die skietafstand van die skoot. Voordat die rondte begin, **moet** die baanoffisier van elke skut in elke aflossing ’n mondelingse verklaring verkry dat die hael waarmee hy/sy skiet aan die voorskrifte van hierdie bepaling voldoen.

WEIERING VAN ’N GEWEER

In die geval van weiering van ’n geweer het die skut twee minute om die geweer reg te maak of te vervang.

Die skut is geregtig om voort te gaan in dieselfde aflossing, mits die skut ’n ander geweer kan bekom. Indien nie, moet hy sy plek in die aflossing verlaat en die res van sy rondte klaarmaak sodra daar plek in ’n ander aflossing is. Óf hy moet sy rondte klaarmaak wanneer daar ’n geleentheid is om dit tussen of ná ander aflossings in te pas.

GEWEERBANDE

Geweerbande op haelgewere is verbode op ’n SAJW-kleiskietbaan.

SKIETBAADJIES

Die dra van ligte jag/skietbaadjies word toegelaat.

BAANOFFISIER

Die baanoffisier is verantwoordelik vir ordelike en korrekte gedrag op die haelgeweerskietbaan en behoort nie ook telling te hou terwyl hy as baanoffisier optree nie:

a. Die baanoffisier moet die resultate van elke skoot beoordeel.

b. Hy moet alle “kill” en “lost” kleie in ’n duidelike en harde stem uitroep sodat die tellinghouer(s) en skuts die roep duidelik kan hoor. Die baanoffisier neem sy eie besluite.

c. Indien ’n skut verskil van die baanoffisier se besluit, moet hy dadelik op die skietpunt beswaar aanteken deur sy arm te lig en te sê *beswaar* of *appèl*. Die baanoffisier moet die skietoefening stop en die skut dadelik van sy finale besluit in kennis stel.

d. Gewere mag nie op ’n skietpunt getoets word voor die begin of na afloop van ’n rondte nie, maar mag wel op ’n toetsbaan “Flambé range” getoets word, indien dit beskikbaar is.

e. Onder geen omstandighede word skuts toegelaat om die kleioorvlugarea te betree nie.

f. Skuts word nie toegelaat om ’n klei op te tel en te kyk of dit raakgeskiet is of nie.

g. Toeskouers word slegs by die aangewese punt of 10 m agter die skietpunte buite die gesigsveld toegelaat.

h. Rook van watter aard ook al word nie op die skietpunt of in die veiligheidsgebied toegelaat nie.

i. Slegs die baanoffisier kan beoordeel of ’n teiken getref of gemis is en of dit gebrekkig en buite die normale vlugbaan gegooi is. *Die baanoffisier se besluit is finaal.*

j. Die baanoffisier kan die skietvolgorde stop as swaar reën of ’n donderstorm dreig.

k. Alle selfone se klank moet afgestel wees en baanoffisiere mag slegs hul selfone gebruik vir die uitvoer van hul amptelike taak.

VEILIGHEID

a. Alle gewere, hetsy gelaai of ongelaai, moet altyd veilig hanteer word.

b. Gewere moet altyd oop en ongelaai gedra word (gebreek en ongelaai), of ongelaai in geweersakke of -tasse.

c. Die sluitstukke van slotaksie-, semi-outomatiese en pompaksiehaelgewere moet oop wees en met die loop wat na bo wys, gedra word.

d. Wanneer ’n geweer nie gebruik word nie, moet dit in ’n skietrak of ’n geweersak gestoor word.

e. Dis ontoelaatbaar om aan ’n ander skut se geweer te vat sonder sy/haar toestemming.

f. Geen gesimuleerde skote word buite skietpunte toegelaat nie.

g. Gesimuleerde skote word nie toegelaat terwyl ’n ander skut op ’n teiken vuur nie.

h. Daar mag nie op die baan na diere of voëls gemik of geskiet word nie. Hierdie oortreding lei tot ’n onmiddellike diskwalifikasie.

i. ’n Skut mag nie tot op ’n skietpunt beweeg voordat die vorige skut dit verlaat het nie.

j. Die skut mag slegs sy geweer laai as hy op die skietpunt is en met die geweerloop baan-af gerig.

k. In die geval van skootweiering as gevolg van die geweer of die ammunisie, moet die skut op die skietpunt bly met die geweer baan-af gerig sonder om dit oop te maak, totdat die baanoffisier dit geïnspekteer het.

l. ’n Skut mag nie op die skietpunt omdraai of dit verlaat voor hy nie sy geweer oopgemaak en die patrone uit die kamers of magasyn (in die geval van ’n slotaksie-, pompaksie- of semi-outomatiese haelgeweer) verwyder het nie, of hulle gevuur is of nie.

m. Gedurende die skietoefening of tydens ’n pouse tydens die rondte, is die skut se geweer oop en ongelaai.

n. Alle skuts, baanoffisiere en *trappers* **MOET** oor- en oogbeskerming dra wanneer hulle op die baan is.

o. Alle toeskouers binne 10 m van die skietpunte moet oog- en oorbeskerming dra.

p. Alle *trappers* moet ten minste 16 jaar oud wees, en moet deur strooibale, sinkplate, of ’n ander tipe beskutting beskerm word.

PUNTETELLING (ALLE OEFENINGE)

a. Punte vir kwalifisering vir toekennings op die Tak, Intertak en nasionale haelgeweerskietkompetisies word bereken as die aantal gebreekte kleie gedeel deur die aantal kleie wat die oefening uitmaak. Dit word as ’n persentasie weergegee.

b. Skuts het twee skote vir elke klei wat by ’n skietpunt gegooi word (uitgesonder vir dubbelkleie, waar skuts net een skoot per klei het, en by die fisantskietoefening waar elke skut slegs een skoot per klei mag vuur; en indien die skut met ’n enkelskoothaelgeweer skiet).

c. In alle skietoefeninge tel ’n enkele gebreekte klei een punt ongeag of dit met die eerste of tweede skoot gebreek word, en word as *kill* of *one* deur die baanoffisier geroep.

d. ’n Enkelklei wat gemis word met albei skote, word as *lost* of zero deur die baanoffisier geroep. Die roep word slegs gemaak nadat die tweede skoot afgevuur is.

e. By dubbelkleie het skuts een skoot vir elke klei.

f. By ’n dubbelklei mag die roep *kill and kill* of *kill and lost* of hoe dit ook al mag wees, slegs gemaak word nádat die skut na beide kleie geskiet het.

g. By dubbelkleie mag ’n skut slegs een skoot per klei skiet. Die roep is dan *kill* of *lost* vir elke klei en mag eers aangekondig word ná die tweede skoot geskiet is, bv. *kill and kill/killed the pair* as albei kleie gebreek is of *kill and lost, lost and kill* of *lost, and lost/lost the pair* indien albei kleie misgeskiet is.

h. Skuts en die baanoffisier moet die telkaart ná die rondte teken. Telkaarte sonder die skut se handtekening word nie aanvaar nie. Geen regstellings van tellings en/of kategorie-inskrywings word na die tyd tydens enige van die SAJWV se haelgeweeroefeninge of by enige intertak span-, streek- of nasionale kompetisie gedoen nie. Skuts wie se finale tellings vir watter rede ook al nie klop nie, diskwalifiseer hulleself outomaties indien hulle sodanige telkaarte as finaal inhandig. Hierdie reël geld sonder uitsondering en geen bespreking word daaroor gevoer nie.

No bird roepe (alle oefeninge)

Daar mag nie na kleiteikens geskiet word nadat die baanoffisier *NO BIRD* geroep het nie.

NO-BIRD – FOUTIEWE GEWEER OF AMMUNISIE

Roepe het betrekking op ’n eerste insident wat as ’n waarskuwing dien. ’n Tweede insident soos hieronder beskryf, word as ’n verlore klei getel.

a. Albei lope vuur gelyktydig op ’n enkele teiken. *No bird* geroep. Teiken word weer gegooi om te tel met die aantal skote per kleie toegelaat.

b. ’n Eerste skoot op ’n enkele klei vuur. *No bird* geroep. Die klei word herhaal met enige van die twee skote om te tel.

c. ’n Tweede skoot op ’n enkele klei vuur nadat die eerste skoot mis was. *No bird* geroep. Die klei word herhaal met enige van die twee skote om te tel.

d. Ammunisie vuur nie (of ’n *hang fire*). *No bird* geroep. Die klei word herhaal met enige van die twee skote om te tel.

NO BIRD – FOUTIEWE TEIKEN

No Bird word geroep wanneer:

a. ’n teiken breek wanneer dit die masjien verlaat;
b. ’n teiken vanaf verkeerde werper gegooi word;
c. die baanoffisier die teiken se vlugbaan as onreëlmatig beoordeel;
d. ’n teiken meer as 4 sekondes ná die skut se roep gegooi word;
e. die skut nie die teiken geroep het nie;
f. die baanoffisier van mening is dat die skut tydens die skoot gesteur is; en
g. die baanoffisier nie die breek van die klei korrek kan beoordeel nie.

Alle *No Bird* teikens word weer gegooi om te tel.

ERKENNING

Slegs die eerste deelname in ’n skietoefening op ’n dag kwalifiseer vir enige vorm van erkenning.

Gedrag, toerusting, tegnieke of enigiets anders wat volgens die baanoffisier nie in die gees van die spesifieke skietoefening is nie.

Die baanoffisier mag enige gedrag, toerusting, tegnieke of enigiets anders verbied wat volgens sy oordeel nie in die gees van ’n spesifieke skietoefening is nie, onveilig is of ander skuts verontrief. Indien daar twyfel hieroor bestaan, moet dit met die skietkomitee uitgeklaar word.

MEDIESE OF FISIESE BEPERKING

Indien ’n skut met ’n mediese of fisiese beperking wil deelneem, moet die baanoffisier so ’n skut, asook gestremde skuts, akkommodeer na gelang van omstandighede sonder om hom of haar ’n onregverdige voordeel te bied en sonder om veiligheid in te boet. Sodanige skut moet voor die aflossing begin aan die baanoffisier rapporteer wat moet besluit hoe dit hanteer word en die ander skuts in die aflossing sal inlig indien enige vergunning toegestaan word. Waar moontlik, behoort ingeperkte skuts in ’n afsonderlike aflossing te skiet.

UITTEL VAN WENNERS MET GELYKE TELLINGS TYDENS SKIETKOMPETISIES

Indien twee skuts wat op takvlak vir ’n medalje meeding, met gelykoptellings eindig, word daar teruggetel op hul telkaarte vanaf die laaste teiken na die eerste verlore teiken. Die skut wat die langste terugwerkende rekord van gebreekte kleie het, is die wenner. Die skut wat die eerste teiken op hierdie terugtell-metode gemis het, is die verloorder. Hierdie metode staan ook bekend as die *count back* metode. Indien daar op *count back* bevind word dat skuts identiese telkaarte ingehandig het, word ’n gelykop uitslag verklaar.

Skuts kan beide hul kategorie- en die topskutmedalje verwerf. Vir die topskut/*high gun* op streekvlak word tellings nie teruggetel om ’n wenner te bepaal nie. Skuts moet uitskiet (beste uit 25 kleie) sou daar ’n gelykoptelling wees. Vir die ander kategoriewenners op streekvlak mag wel teruggetel word. By die nasionale haelgeweerkampioenskap sal net uitskiete (beste uit 25 kleie) die wenners bepaal in alle kategorie sowel as topskut/*high gun* indien daar ’n gelykoptelling is.

(B) SKIETBAANVEILIGHEIDSREËLS EN STANDAARDBEVELE OP HAELGEWEERBANE

SKIETBAANVEILIGHEIDSREËLS VIR DEELNEMERS

1. Die baanoffisier het die finale gesag op die skietbaan en het die reg om teen onveilige en ongehoorsame deelnemers op te tree.
2. Die baanoffisier se opdragte moet onvoorwaardelik en onmiddellik uitgevoer word.
3. Deelnemers en toeskouers is onderhewig aan die betrokke skietbaan se reëls en moet die baanregister en die vrywaringsvorm teken.
4. Geen persoon onder die invloed van alkohol of narkotiese middels mag die skietbaan betree nie.
5. Geen alkohol mag tydens die skietoefening op die skietbaan gebruik word nie.
6. Vuurwapens moet ongelaai in ’n doelgemaakte sak of tas na die skietbaanterrein gebring word.
7. Vuurwapens mag net uit ’n sak of tas gehaal word in direkte opdrag van die baanoffisier op die skietpunt en die lope moet altyd in ’n veilige rigting wys.
8. Vuurwapens mag nie op die skietpunt hanteer word terwyl enige persoon voor die skietpunt is nie.
9. Deelnemers wat ’n handwapen dra moet dit aan die baanoffisier of -beampte verklaar, onder toesig veilig maak op die skietpunt en weer terugplaas in die holster aan sy liggaam. Die handwapen mag slegs weer gelaai word nadat die skut die skietbaan verlaat het en op pad uit is om die skietbaanterrein te verlaat.
10. Gewere moet altyd oop en ongelaai gedra word (knak-aksiegewere moet gebreek en ongelaai gedra word. Slotaksie-, semi-outomatiese en pompaksiehaelgewere moet ongelaai, met sluitstukke oop wees en met die loop wat in die lug op wys), of ongelaai in geweersakke of -tasse wees.
11. Wanneer ’n geweer nie gebruik word nie, moet dit in ’n skietrak of ’n geweersak gestoor word.
12. Gehoor- en oogbeskerming is verpligtend en die dra van ’n pet of hoed word aanbeveel.
13. Kleredrag – Skuts se kleredrag moet nie ander skuts, toeskouers en baanoffisiere/-beamptes in ’n verleentheid stel nie. Die hoofbaanoffisier se beslissing in die verband is finaal. Die hoofbaanoffisier sal die skut versoek om die skietbaan te verlaat indien die kleredrag ’n verleentheid veroorsaak.
14. Toeskouers en wagtende deelnemers moet by die aangewese punt of ten minste 10 m agter die skietpunt wees, of buite die sigveld van die baanoffisier. Voorts moet hulle gehoorbeskerming en oogbeskerming dra en stil wees terwyl geskiet word.

STANDAARDBEVELE OP DIE SKIETBAAN

Geen skuts of toerusting op die skietpunt nie alvorens die baanoffisier die volgende opdrag gee:

1. *Skuts na die skietpunt. Vuurwapens bly oop of in sakke tot verdere bevele*.
2. *Die baan is gesluit (toe)*
3. *Oog- en oorbeskerming*.
4. Baanoffisier verduidelik skietoefening en *sighters* word geroep (daar word slegs een *sighter* vanaf elke masjien gegooi vir die hele aflossing. Dit is elke skut se verantwoordelikheid om aandag daaraan te gee).
5. *Is almal gereed*? Skuts wat nie gereed is nie moet so aandui.
6. *Die aflossing is nog nie gereed nie*. Indien so aangedui.
7. *Almal is gereed – shooting* of *maak gereed om te skiet*. Sodra dit die skut se beurt is om te skiet, betree hy/sy die afgemerkte skietstasie/s en laai sy/haar haelgeweer met die lope in 'n veilige rigting. Elke skut roep hard en duidelik *pull/trek/hak* vir sy/haar kleie.
8. *Breek en ruil* of b*reak and change* word geroep nadat die aflossing al die kleie op die betrokke stasie op die *Kompak* en *Trap* bane geskiet het. Die skuts maak hul gewere oop en ontlaai (verwyder doppies uit die kamers). Skuts beweeg aan na die volgende stasie en die proses word herhaal.
9. *Breek en ruil* of *break and change* word geroep nadat 'n skut al die kleie op 'n betrokke stasie op die *Skeet* of *Sporting* baan geskiet het. Die skut maak sy geweer oop en ontlaai (verwyder doppies uit die kamers) en verlaat die stasie. Die volgende skut betree die stasie en die proses word herhaal totdat al die skuts al die kleie op die betrokke stasie geskiet het, waarna die aflossing aanbeweeg na die volgende stasie en die proses herhaal.
10. Nadat al die kleie op al die stasies deur al die skuts in die aflossing geskiet is, volg die volgende bevel.
11. *Ontlaai, maak veilig*. Na die proses van ontlaai en veilig maak, neem skuts gewere met die aksie oop na die geweerrak (indien beskikbaar op die baan) om te bêre of plaas dit in sak of tas ná 'n inspeksie.

Notas: In geval van 'n noodtoestand – *Staakvuur- Staakvuur- Staakvuur* ! of met 'n lang blaas van die fluitjie.

SAJWV HAELGEWEERSKIETOEFENINGE EN -SKIETKOMPETISIES

Fisant-, Kransduif-, Eend-, Tarentaal- en Kompak/*Sporting* skietoefeninge

Die fisant-, kransduif-, eend- tarentaal- en Kompak/*Sporting* skietoefeninge word op takvlak tydens takke se maandelikse skietdae aangebied volgens elke tak se aktiwiteitsrooster. Takke mag ook addisionele amptelike haelgeweerskietoefeninge reël.

BALKIES

Balkies word toegeken vir alle tak kleiteikenskietoefeninge (skut se onkoste) op takvlak. Administratiewe prosesse vir balkies vir haelgeweerskietoefeninge wat op takvlak afgehandel word, sal deur die opleidingsafdeling by die nasionale kantoor hanteer word volgens die Vereniging se voorgeskrewe prosedure vir die aanvraag vir balkies vir skietoefeninge.

Balkies word soos volg toegeken: 80% tot 100% = goud; 70% tot 79% = silwer; 60% tot 69% = brons.

REËLS VIR DIE STREEK- EN NASIONALE SKIETKOMPETISIES

INLEIDING

Die skietkompetisies van die SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging is gestruktureerde landwye byeenkomste met dieselfde reëls wat vir die kwalifiserende fase op streekvlak en die nasionale kompetisies van toepassing is. Die skietkompetisies op streekvlak moet teen **31 Julie** afgehandel wees sodat skuts met kwalifiserende tellings nog in dieselfde jaar na die nasionale kompetisies genooi kan word. Die tellings van enige streekskietkompetisies wat ná 31 Julie plaasvind, sal vir die volgende jaar se ranglys bygewerk word. Die volgende skietkompetisies vind plaas:

INTERTAK SPAN- EN STREEKKOMPETISIES

Streke en/of takke mag binne die beperkinge van die Vereniging se jaarlikse skietkalender aansoek doen om soveel as moontlik intertak span-, haelgeweer- en streekskietkompetisies aanbied.

Intertak span-, streekhaelgeweerskietkompetisie en nasionale haelgeweerkampioenskappe word aangebied op ’n baan met 50 en 100 kleie onderskeidelik volgens die reëls en uitleg van die Clay Target Pairs internasionale reëls (bl 34). Vir Intertak span haelgeweerskietkompetisies skryf deelnemers eerstens in as lede van hulle tak in spanverband (4 lede per span), en daarna ook as individuele skuts in een van die kategorieë hieronder gemeld. Die onus berus altyd by die skut om te verseker dat alle besonderhede korrek op die spaninskrywingsvorm voltooi is voordat die kompetisie begin. Organiseerders mag onder geen omstandighede na die aanvang van die kompetisie veranderings aan deelnemers se kategorie-inskrywings maak nie.

KATEGORIEË VAN INSKRYWING (KLASSE)

Junior (seuns en dames) <21 jaar oud word 20 in die kalenderjaar waarin die kompetisie plaasvind).

Senior (mans en dames) 21 tot 55 jaar oud – word 21/55 in die kalenderjaar van die skietkompetisie)

Veterane (mans en dames 56 tot 64 jaar oud – word 56/64 in die kalenderjaar van die skietkompetisie)

Super veterane (mans en dames 65 tot 72 jaar oud – word 65/72 in die kalenderjaar van die skietkompetisie)

Meesters (mans en dames 73 jaar en ouer)

MEDALJES EN KWALIFISERING

STREEKSKIET EN INTERTAK SPANSKIET EN NASIONALE KAMPIOENSKAP

Medaljes moet vooraf vanaf die nasionale kantoor op die voorgeskrewe bestelvorm bestel word. Medaljes is beskikbaar vir die volgende klasse en word volgens die minimum kwalifiserende telling toegeken. Senior en veterane mans moet 60% vir die oefening behaal (30/50 by 'n streekskietbyeenkoms en 60/100 by 'n nasionale kampioenskap). By al die ander klasse moet skuts 50% vir die oefening behaal (25/50 by 'n streekskietbyeenkoms en 50/100 by 'n nasionale kampioenskap) om te kwalifiseer vir 'n medalje en/ of kampioenskap asook vir 'n uitnodiging na die nasionale kampioenskap.

4.1 Topskut /High gun	Goud, silwer en brons 60%
4.2 Junior Seuns	Goud, silwer en brons 50%
4.3 Junior Dames	Goud, silwer en brons 50%
4.4 Senior Mans	Goud, silwer en brons 50%
4.5 Senior Dames	Goud, silwer en brons 60%
4.6 Veterane Mans	Goud, silwer en brons 60%
4.7 Veterane Dames	Goud, silwer en brons 50%
4.8 Super Veterane Mans	Goud, silwer en brons 50%
4.9 Super Veterane Dames	Goud, silwer en brons 50%
4.10 Meesters Mans	Goud, silwer en brons 50%
4.11 Meesters Dames	Goud, silwer en brons 50%
4.12 Spanskiet	Goud , silwer en brons 200/400 (50%)

Skuts kan beide hul kategorie- en die Topskutmedaljes verwerf. Vir die Topskut/High gun op streekvlak word tellings nie teruggetel om 'n wenner te bepaal nie en moet skuts dus uitskiet (beste uit 25 kleie) indien daar 'n gelykoptelling sou wees. Vir die ander kategoriewenners op streekvlak mag wel teruggetel word.

By die nasionale haelgeweerkampioenskap bepaal 'n uitskiet (beste uit 25 kleie) die wenners in alle kategorie sowel as die Topskut/High gun indien daar 'n gelykoptelling is.

NASIONALE HAELGEWEERKAMPIOENSKAPPE

Skuts moet aan minstens een haelgeweerstreekskiet deelneem en ’n minimum telling van 25/50 kleie behaal om te kwalifiseer vir ’n uitnodiging na die nasionale haelgeweerkampioenskap. Vir die SAJWV se nasionale individuele haelgeweerskietkompetisie skryf deelnemers as individue in die kategorieë in soos hierbo gemeld. Die indeling in aflossings sal tydens inskrywing by Inyathipark gedoen word (indelings sal volgens die jaarlikse nasionale streekskietranglys plaasvind en volgens die diskresie van die betrokke bestuurder gemoeid met die haelgeweerdissipline. Dit is ononderhandelbaar). Die onus rus altyd op die skut om te verseker dat alle besonderhede korrek op die inskrywingsvorm ingevul is voordat die kompetisie begin.

Organiseerders mag onder geen omstandighede na afloop van die kompetisie veranderings aan deelnemers se kategorie-inskrywings aanbring nie.

Vir die Intertak spanskiet by die haelgeweerkampioenskap skryf deelnemers in as lede van hulle tak in spanverband (vier lede per span). Al vier spanlede moet aan dieselfde tak behoort. Die onus berus altyd by die skut om te verseker dat alle besonderhede op die spaninskrywingsvorm korrek is vóórdat die kompetisie begin. Organiseerders mag onder geen omstandighede ná die aanvang van die kompetisie veranderings aan deelnemers se spaninskrywings aanbring nie.

STREEK EN NASIONALE KLEURE

Skuts moet aan minstens een streekskietkompetisie deelneem en ’n telling van minstens 43 uit 50 behaal om te kwalifiseer vir streekskleure. Skuts wat in die betrokke jaar reeds streekskleure in haelgeweer verwerf het en na die nasionale kampioenskap genooi word en ’n telling van minstens 85 uit 100 behaal, kwalifiseer vir SA Jagters se nasionale kleure. Indien ’n skut nie tydens die streekskietkompetisies streekskleure verwerf het nie, maar op die nasionale kampioenskap minstens 85 uit 100 skiet, kwalifiseer vir streekskleure vir die betrokke seisoen. Streekskleure kan nie oorgedra word na ’n volgende seisoen nie.

REËNBELEID TYDENS STREEK EN NASIONALE SKIETKOMPETISIES VAN DIE SAJWV

Die reënkomitee op streekvlak bestaan uit die voorsitter van die gasheertak; hoofbaanoffisier of ’n senior baanoffisier; en een of meer senior lede met ’n goeie agtergrond van die bepaalde skietkompetisie.

Die reënkomitee op nasionale vlak bestaan uit die nasionale dissipline koördineerder; VP: Skietsake of verteenwoordiger van die skietkomitee; die voorsitter van die gasheertak, hoofbaanoffisier of ’n senior baanoffisier; en een of meer senior lede met ’n goeie agtergrond van die bepaalde skietkompetisie.

Indien dit reën, of reën word voorspel deur ’n betroubare bron, kan die reënkomitee die byeenkoms die dag vóór die skiet of op die dag by die baan kanselleer.

Die reënkomitee moet bepaal wat die laatste tyd is wat die aanvangsaflossing kan begin skiet om al die aflossings te kan akkommodeer.

Indien die skiet onder goeie weersomstandighede begin, maar die weer versleg sodanig moet die skietdag afgehandel word indien dit veilig is volgens die diskresie van die reënkomitee.

Enige skut mag individuele deelname onttrek indien hy/sy nie bereid is om voort te gaan nie (wil bv. nie sy/haar toerusting blootstel aan die elemente nie).

Die baanoffisier kan die skiet staak indien die veiligheid van deelnemers en beamptes in gedrang kom, bv. weerlig, sterk wind ens. (In só 'n geval verval al die tellings wat reeds behaal is).

Die reënkomitee se oordeel en besluit om die skiet te kanselleer of uit te stel, is finaal. Aangesien die reënkomitee verantwoordelik is vir die sukses of mislukking en veiligheid van deelnemers, kan hierdie besluit nie deur die skuts/deelnemers geneem word nie.

Indien ’n streekskietkompetisie afgestel word weens reën word dit as gekanselleer beskou. Die gasheertak trek vrugtelose uitgawes af en betaal die res van skuts se inskrywingsgeld terug.

In geval van ’n nasionale kampioenskap, sal dit op ’n later datum plaasvind. Geen terugbetalings word gemaak nie. Indien ’n nasionale byeenkoms nie binne drie maande vanaf die oorspronklike datum kan plaasvind nie, sal dieselfde voorwaardes geld as by ’n streekskietbyeenkoms.

BANE OP TAKVLAK

Drie baanvariasies word by SA Jagters se kleiteikenskietoefeninge gebruik. Waar daar in die verlede slegs van ’n Kompak-baan gebruik gemaak is, is die fisantskietoefening aangepas om op ’n standaard trap-baan plaas te vind. Die eendskietoefening word op ’n standaard skeet-baan aangebied. Hierdie veranderinge is aangebring om takke wat toegang het tot bestaande trap- en skeet-bane die kans te gee om sodanige bane te benut. Dit is nie die bedoeling dat takke wat die bestaande Kompak-oefening skiet nuwe bane moet bou nie.

a. BAAN 1 – KOMPAK-BAAN

Die klei-oorvlugsone word beskryf as ’n reghoek waaroor die teikens moet trek. Dit moet 25 m diep (kante A tot B en D tot C) en 40 m wyd wees (kante A tot D en B tot C) (sien diagram hieronder).

a. Waar moontlik, merk die sone op die vier hoeke (bv. witgeverfde klippe of witgeverfde droppers) sodat dit duidelik sigbaar is;

b. Die baan moet 5 skietpunte van 1m^2 elk hê;

c. Die posisies van die kleiwerpers en die vlugbane van die kleiteikens word by elke oefeninge verduidelik.

bb



b. BAAN 2 – ATA TRAP-BAAN

Die standaard ATA trap-baan soos op alle kleiteikenskietbane is hier van toepassing.



c. BAAN 3 – NSSA SKEET-BAAN

Die standaard NSSA skeet-baan soos op alle kleiteikenskietbane is hier van toepassing.



SKIETPUNTE

Die vyf skietpunte is elk 1m^2 groot en 3 tot 5 m uitmekaar (middel tot middel – sien diagram hierbo). Dit kan 1m^2 sementblokke of net 1m^2 uitgemerkte wit vierkante op die grond wees:

a. Die lyn wat deur die voorkante van die vyf skietpunte loop moet 4 tot 8 m terug en parallel aan sykant AD van die klei-oorvlugarea wees.

b. Die middelpunt van skietpunt 3 moet gesentreer wees op sykant AD van die klei-oorvlugsone.

c. Vuurhoekbeperkers moet verkieslik by elke skietpunt aangebring word om veiligheid te verseker deur:

   i. effektief die vuurhoek na die kante te beperk;

   ii. effektief die vertikale vuurhoek te beperk;

   iii. te voorkom dat die skut vanaf die skietpunt na vore beweeg of vorentoe leun.



KLEIE (TEIKENS)

SA Jagters gebruik normale kleie, midi-kleie, battue-kleie, mini-kleie, super mini-kleie, rocket-kleie en hase in die haelgeweer-kleiteikenskietoefeninge.

Voorbeelde van kleiteikens

Normale 110mm	Midi 90mm	Haas/Rabbit

HS01 EEND HAELGEWEERSKIETOEFENING (SLEGS OP TAKVLAK, 25 KLEIE)

(HS01) EEND HAELGEWEERSKIETOEFENING (SLEGS OP TAKVLAK)

Dit is verkieslik om die eend-skietoefening te voltooi met haelgewere wat twee skote na mekaar kan afvuur. By ’n enkelskoothaelgeweer moet die skut weet dat hy/sy beperk word tot ’n enkele skoot en onder geen omstandighede toegelaat sal word om te herlaai in ’n poging om die klei wat gemis is of die tweede van die dubbel kleie te probeer skiet nie. Dus aanvaar die skut wat ’n enkelskoothaelgeweer gebruik, dat hy/sy slegs een skoot per klei mag skiet en outomaties die tweede klei op dubbelkleie sal verbeur. Hierdie oefening kan slegs op Baan 3 voltooi word.

Kleiwerpers (tegnies)

Die **eend-skietoefening** word voltooi met twee werpers wat 25 kleie gooi.

a. Semi-outomaties of outomatiese kleiwerpers mag gebruik word.

b. Kleiwerpers word van links na regs geplaas as HH (High House) en LH (Low House)

c. Werpers word geaktiveer wanneer die skut roep: pull (trek/gooi).

d. ’n Klei moet binne vier sekondes nadat ’n skut roep, gegooi word.

Skietpunte

Vir hierdie oefening maak ons slegs gebruik van skietpunte 2, 3, 4, 5 en 6 op die standaard skeet-baan. Die 25 kleie vir die eend-skietoefening word as drie enkelkleie by elke skietpunt gegooi, gevolg deur ’n dubbelklei (oproep pare / on report) in die volgende volgorde:

Skietpunt	2	3	4	5	6
Klei:	HH	HH	HH	LH	LH
Klei:	LH	LH	LH	HH	HH
Klei:	HH	HH	HH	LH	LH
Dubbels:	HH o/r LH	HH o/r LH	HH o/r LH	LH o/r HH	LH o/r HH

o/r = “on report”

Skietvolgorde

Skuts het twee skote per klei behalwe by die dubbelkleie waar skuts net een skoot per klei het. Die skietveld se grens is gemerk en enige klei wat buite die skietveld gebreek word, word verbeur.

'n Skietoefening begin by stasie 1 waar die eerste skut die oefening voltooi en sy geweer ontlaai en die stasie ontruim. Die volgende skut betree die stasie totdat al vyf skuts die stasie voltooi het. Daarna beweeg die hele aflossing na stasie 2 en herhaal die proses. Hierdie volgorde word gehandhaaf totdat die hele oefening voltooi is. Skuts mag slegs op bevel van die baanoffisier (breek en ruil) na die volgende skietpunt aan hulle regterkant beweeg.

Elke gebreekte klei tel 1 punt. Die oefening tel 25 punte.

Tydens die ruil van skietpunte moet gewere se aksies oop wees sonder patrone in die kamers

Posisie van kleiwerpers



Balkies

Balkies word toegeken vir hierdie kleiteikenskietoefeninge (skuts betaal). Administratiewe prosesse vir balkies vir haelgeweerskietoefeninge wat op takvlak afgehandel word, sal deur die opleidingsafdeling by die nasionale kantoor hanteer word volgens die Vereniging se voorgeskrewe prosedure vir die aanvraag vir balkies vir skietoefeninge.

Balkies word soos volg toegeken: 80% tot 100% = goud; 70% tot 79% = silwer; 60% tot 69% = brons.

HS02 Fisant Haelgeweerskietoefening (Slegs Takvlak, 15 Kleie)

(HS02) FISANT HAELGEWEERSKIETOEFENING (SLEGS OP TAKVLAK)

Die fisant-skietoefening kan slegs as ’n enkel skoot per klei afgehandel word (skuts met enkelloophaelgewere kan dus hier op gelyke voet deelneem)

Hierdie oefening kan op Baan 1 of Baan 2 voltooi word.

Baan 1 – Kompak-baan

Kleiwerpers vir die fisant-skietoefening

Die **fisant-skietoefening** word afgehandel met 1 kleiwerper wat **15 kleie per skut** gooi.

a. ’n Handwerper, semi-outomatiese of outomatiese kleiwerper mag gebruik word.
b. ’n Handwerper word tussen skietpunte 3 en 4 opgestel terwyl ’n outomatiese werper 5 m voor skietpunte 3 en 4 opgestel word.
c. Die kleiwerper word per hand of elektronies geaktiveer wanneer die skut roep: *pull* (trek/gooi).
d. ’n Klei moet binne 4 sekondes ná ’n skut se roep, gegooi word.

Kleie vir die fisant-skietoefening

Vir die fisant-skietoefening word 15 normale kleie gebruik wat reguit vorentoe gegooi word en wat op ’n punt van 7 m reg voor die werper, 3 m van die grond af moet trek (werpers se vere op medium spanning gestel).

Volgorde van kleie (fisant-skietoefening)

Die volgorde van kleie vir die fisant-skietoefening:

Skietpunt:	1	2	3	4	5
Klei:	N	N	N	N	N
Klei:	N	N	N	N	N
Klei:	N	N	N	N	N

N=Normale klei

Skietvolgorde by die fisant-skietoefening

Skuts het slegs een skoot per klei.

a. Die skuts begin altyd by stasie 1 waar die skut die eerste skoot skiet gevolg deur die eerste skoot van die skut op stasie 2 en so aan, totdat al vyf skuts elk een skoot op hulle eerste klei geskiet het.

b. Daarna begin die skut op stasie 1 met die skoot op die tweede klei gevolg deur die skut op stasie 2 totdat al vyf skuts agtereenvolgens drie skote per stasie geskiet het.

c. Skuts mag slegs op bevel van die baanoffisier (breek en ruil) na die volgende skietpunt aan hulle regterkant beweeg, nadat al vyf skuts alle skote per skietpunt geskiet het. Die skut op skietpunt 5 beweeg na skietpunt 1.

d. Die oefening tel uit 15 punte. Elke gebreekte klei tel 1 punt.

Gewere se aksies moet by die ruil van skietpunte oop wees sonder patrone in die kamers



Baan 2 – ATA trap baan

KLEIWERPERS VIR DIE FISANT-SKIETOEFENING

Die **Fisant-skietoefening** word voltooi met 1 kleiwerper wat **15 of 25 kleie per skut** gooi.

a. ’n Handwerper, semi-outomatiese of outomatiese kleiwerper mag gebruik word.

b. ’n Kleiwerper word binne die valhuis 15 m reg voor die middelste skietpunt opgestel. Indien ’n handwerper gebruik word, word die werper só gestel dat die kleie reguit vanaf die middelste stasie trek. ’n Outomatiese werper moet op normale verstelling wees om variasie op die horisontale vlak toe te laat.

c. Die kleiwerper word per hand of elektronies geaktiveer wanneer die skut roep: *pull* (trek / gooi).

d. ’n Klei moet binne 4 sekondes nadat die skut geroep het, gegooi word.

Kleie vir die fisant-skietoefening

Vir die fisant-skietoefening word 15 of 25 normale kleie gebruik wat na vóór gewerp word met of sonder horisontale variasie en wat op ’n punt van 9 m reg vóór die werper 2.4 – 3.6 meter van die grond af moet trek.

Volgorde van kleie (fisant-skietoefening)

Die volgorde waarin kleie gegooi word vir die fisant-skietoefening is as volg:

Skietpunt:	**1**	**2**	**3**	**4**	**5**	
Klei:	N	N	N	N	N	
Klei:	N	N	N	N	N	
Klei:	N	N	N	N	N	15 Kleie
Klei:	N	N	N	N	N	
Klei:	N	N	N	N	N	25 Kleie

N=Normale klei

Skietvolgorde by die fisant-skietoefening

Skuts het slegs een skoot per klei.

Die skietoefening begin altyd by stasie 1 waar die skut die eerste skoot skiet gevolg deur die eerste skoot van die skut op stasie 2 en so aan, totdat al vyf skuts elk een skoot op hulle eerste kleie gevuur het.

Daarna begin die skut op stasie 1 met die skoot op die tweede klei gevolg deur die skut op stasie 2 totdat al vyf skuts agtereenvolgens drie of vyf skote per stasie geskiet het.

Skuts mag slegs op bevel van die baanoffisier (breek en ruil) na die volgende skietpunt aan hulle regterkant beweeg, nadat al vyf skuts alle skote per skietpunt geskiet het. Die skut op skietpunt 5 beweeg na skietpunt 1.

Die oefening tel uit 15 of 25 punte. Elke gebreekte klei tel 1 punt.

Gewere se aksies moet by die ruil van skietpunte oop wees sonder patrone in die kamers

Posisie van kleiwerper



Balkies

Balkies word toegeken vir hierdie kleiteikenskietoefeninge (skuts betaal). Administratiewe prosesse vir balkies vir haelgeweerskietoefeninge wat op takvlak afgehandel word, sal deur die opleidingsafdeling by die nasionale kantoor hanteer word volgens die Vereniging se voorgeskrewe prosedure vir die aanvraag vir balkies vir skietoefeninge.

Balkies word soos volg toegeken: 80% tot 100% = goud; 70% tot 79% = silwer; 60% tot 69% = brons.

HS03 KRANSDUIF HAELGEWEERSKIETOEFENING (SLEGS OP TAKVLAK, 20 KLEIE)

KRANSDUIF HAELGEWEERSKIETOEFENING (SLEGS OP TAKVLAK)

Die kransduif-skietoefening moet verkieslik voltooi word met haelgewere wat twee skote na mekaar kan afvuur. Indien ’n enkelskoothaelgeweer gebruik word, weet die skut dat hy/sy beperk word tot die enkele skoot en mag onder geen omstandighede herlaai in ’n poging om die klei wat gemis is of die tweede van die dubbelkleie te probeer skiet nie. Dus aanvaar die skut wat ’n enkelskoothaelgeweer gebruik dat hy/sy slegs een skoot per klei mag skiet en outomaties die tweede klei van dubbelkleie sal verbeur. Hierdie oefening kan slegs op Baan 1 voltooi word.

Kleiwerpers (tegnies)

a. Die **kransduif-skietoefening** word voltooi met 2 kleiwerpers wat ’n totaal van **20 kleie per skut** gooi. Handwerpers, semi-outomatiese of outomatiese kleiwerpers mag gebruik word.

b. Werpers word as 1 en 2 van links af genommer. Die nommer word aangebring op ’n bord van 30cm x 30cm en geposisioneer om die posisie van die werper vir die skut aan te dui.

c. Werpers word per hand of elektronies geaktiveer wanneer die skut roep: *pull* (trek / gooi).

d. ’n Klei moet binne 4 sekondes nadat ’n skut roep, gegooi word.

Kleiwerpers (posisie)

a. Werper 1 word direk in lyn met die skietpunte, 2 m links van skietpunt 1 opgestel.

b. Werper 2 word direk in lyn met die skietpunte, 2 m regs van skietpunt 5 opgestel.

Kleie (teikens)

Vir die kransduif-skietoefening moet kleie wat vanaf werpers 1 en 2 gegooi word, ’n punt 28 – 30 m direk vóór skietpunt 3 kruis, minstens 3 m bokant die grond .

Die tabel hieronder beskryf die volgorde vir kleie vir die kransduif-skietoefening.

Skietpunt:	**1**	**2**	**3**	**4**	**5**
Klei:	1	2	1	2	1
Klei:	2	1	2	1	2
Klei:	1 o/r 2	1 o/r 2	2 o/r 1	2 o/r 1	1 o/r 2

1 = werper nommer 1 gooi ’n normale klei
2 = werper nommer 2 gooi ’n normale of midi-klei
o/r = on report – klei gegooi by klap van eerste skoot op eerste klei

Skietvolgorde

Skuts het twee skote per klei behalwe by dubbelkleie waar skuts net een skoot per klei het. ’n Skietoefening begin altyd by stasie 1 waar die skut die eerste skoot skiet gevolg deur die eerste skoot van die skut op stasie 2 en so aan totdat al vyf skuts elk een skoot op hulle eerste kleie gevuur het. Daarna begin die skut op stasie 1 met die skoot op die tweede klei gevolg deur die skut op stasie 2 totdat al vyf skuts agtereenvolgend alle skote per stasie geskiet het.

Skuts mag slegs op bevel van die baanoffisier (breek en ruil) na die volgende skietpunt aan hulle regterkant beweeg, nadat al vyf skuts alle skote per skietpunt geskiet het (skietpunt 5 beweeg na skietpunt 1). Elke gebreekte klei tel 1 punt. Die oefening tel uit 20 punte.

Gewere se aksies moet by die ruil van skietpunte oop wees sonder enige koeëls in die kamers

Posisie van kleiwerpers in die kransduif-skietoefening
Position of traps for the rocky shooting exercise



Balkies

Balkies word toegeken vir alle kleiteikenskietoefeninge (skuts betaal). Administratiewe prosesse vir balkies vir haelgeweerskietoefeninge wat op takvlak afgehandel word sal deur die opleidingsafdeling by die nasionale kantoor hanteer word volgens die Vereniging se voorgeskrewe prosedure vir die aanvraag vir balkies vir skietoefeninge. Balkies word soos volg toegeken: 80% tot 100% = goud; 70% tot 79% = silwer; 60% tot 69% = brons.

HS04 TARENTAAL HAELGEWEERSKIETOEFENING (SLEGS TAKVLAK, 25 KLEIE)

(HS04) TARENTAAL HAELGEWEERSKIETOEFENING (SLEGS TAKVLAK)

Die tarentaal-skietoefening moet verkieslik voltooi word met haelgewere wat twee skote na mekaar kan afvuur. Indien ’n enkelskoothaelgeweer gebruik word, weet die skut dat hy/sy beperk word tot die enkele skoot en mag onder geen omstandighede herlaai in ’n poging om die klei wat gemis is of die tweede van die dubbelkleie te probeer skiet nie. Dus aanvaar die skut wat ’n enkelskoot haelgeweer gebruik dat hy/sy slegs een skoot per klei mag skiet en die tweede klei op dubbelkleie sal verbeur.

Hierdie oefening word slegs op Baan 1 voltooi.

Kleiwerpers (tegnies)

Die t**arentaalskietoefening** word voltooi met 5 of 6 werpers wat 25 kleie gooi (werper 6 = haas).

a. Handwerpers, semi-outomatiese en of outomatiese kleiwerpers mag gebruik word.

b. Kleiwerpers word kloksgewys as nommer 1, 2, 3, 4 en 5 of 6 genommer, en die posisie van die werper word met ’n bord van 30cm x 30cm waarop die nommer aangebring is, aangedui; en só geplaas dat skuts duidelik kan sien waar die werper staan vanwaar die klei gegooi word.

c. Werpers word per hand of elektronies geaktiveer wanneer die skut roep: *pull*” (trek/gooi).

d. ’n Klei moet binne 4 sekondes nadat ’n skut roep, gegooi word.

Werpers (posisie)

Kleie met aangeduide vlugbaante word vanaf die volgende werpers gegooi (sien diagram hieronder):

Werper 1: 2 m links van skietpunt 1, in lyn met die ander skietpunte, wat ’n klei gooi wat die klei-oorvlugsone met ’n vlugbaan nie laer nie as 2 m bokant die grond en presies 30 m direk voor skietpunt 3 kruis.

Werper 2: ten minste 5 m links van sykant AB van die kleioorvlugarea, en 10 m in vanaf hoek B op die sykant AB van die kleioorvlugarea, met ’n vlugbaan nie laer nie as 2 m bokant die grond en wat sykant CD in ’n reguit lyn vanaf die werper kruis.

Werper 3: ten minste 5 m agter sykant AD of BC van die kleioorvlugarea, direk in lyn met skietpunt 3; ’n klei wat in ’n reguit lyn as ’n inkomende of ’n *going away* klei gegooi word, nie laer nie as 2 m bokant die grond (werper 3 kan tussen skietpunt 3 en 4 geplaas word).

Werper 4: ten minste 5 m links van sykant CD van die kleioorvlugarea, en 10 m in vanaf hoek D op die sykant CD van die kleioorvlugarea, met ’n vlugbaan nie laer nie as 2 m bokant die grond en wat sykant AB in ’n reguit lyn vanaf die werper kruis.

Werper 5: 2 m regs van skietpunt 5, in lyn met die ander skietpunte, wat ’n klei gooi wat die klei-oorvlugsone met ’n vlugbaan nie laer nie as 2 m bokant die grond en presies 30 m direk voor skietpunt 3 kruis.

Werper 6 (haas): ten minste 2 m links van sykant AB of regs van sykant DC van die kleioorvlugarea, en 8m in vanaf hoek B of D met ’n vlugbaan op die grond, loodreg na die oorkantste sykant van die klei-oorvlugsone.

Takke wat gereeld gebruik maak van ’n baan met permanente Kompak-bane, kan ’n versoek, tesame met ’n gedetailleerde diagram van die betrokke baan, aan die skietkomitee voorlê vir goedkeuring vir gebruik as ’n alternatiewe baan vir hierdie oefening.

Kleie (teikens)

Die 25 kleie vir die tarentaal-skietoefening word as 3 enkelkleie by elke skietpunt gegooi, gevolg deur ’n dubbelklei (op slag) in die volgende volgorde:

Skietpunt:	**1**	**2**	**3**	**4**	**5**
Klei:	1	2	3	4	5
Klei:	2	3	4	5	1
Klei:	3	4	5	1	2
Klei:	1 o/r 2	2 o/r 3	3 o/r 4	4 o/r 5	5 o/r 1

o/r = *on report*

Een werper moet opgestel wees om midi’s te gooi.

’n Maksimum van een werper kan opgestel word om hase te gooi. Dit sal dan werper 6 wees en vervang werper 2 of 4.

Skietvolgorde

Skuts het twee skote per klei behalwe by die dubbelkleie waar skuts net een skoot per klei het.

’n Skietoefening begin altyd by stasie 1 waar die skut die eerste skoot skiet gevolg deur die eerste skoot van die skut op stasie 2 en so aan totdat al vyf skuts elk een skoot op hulle eerste kleie gevuur het. Daarna begin die skut op stasie 1 met die skoot op die tweede klei gevolg deur die skut op stasie 2 totdat al vyf skuts agtereenvolgend alle skote per stasie gevuur het.

Skuts mag slegs op bevel van die baanoffisier (breek en ruil) na die volgende skietpunt aan hulle regterkant beweeg, nadat al vyf skuts alle skote per skietpunt geskiet het (skietpunt 5 beweeg na skietpunt 1).

Elke gebreekte klei tel 1 punt. Die oefening tel uit 25 punte.

Gewere se aksies moet by die ruil van skietpunte oop wees sonder enige patrone in die kamers

Posisie van kleiwerpers in die tarentaal-skietoefening

Position of traps for the guineafowl exercise



Balkies

Balkies word toegeken vir hierdie kleiteikenskietoefeninge (skuts betaal). Administratiewe prosesse vir balkies vir haelgeweerskietoefeninge wat op takvlak afgehandel word sal deur die opleidingsafdeling by die nasionale kantoor hanteer word volgens die Vereniging se voorgeskrewe prosedure vir die aanvraag vir balkies vir skietoefeninge.

Balkies word soos volg toegeken: 80% tot 100% = goud; 70% tot 79% = silwer; 60% tot 69% = brons.

HS05 KOMPAK EN SPORTING HAELGEWEERSKIETOEFENING

(SLEGS OP TAKVLAK, 25 OF 50 KLEIE)

(HS05) KOMPAK EN SPORTING-HAELGEWEERSKIETOEFENING (SLEGS TAKVLAK)

Takke wat gereeld en by voorkeur vol Compak en/of vol Sporting bane skiet (25 kleie per rondte), mag hul tellings vir hierdie oefeninge onder die handtekening van die voorsitter van die tak instuur.

Die oefening moet verkieslik voltooi word met haelgewere wat twee skote na mekaar kan afvuur. Indien ’n enkelskoothaelgeweer gebruik word, moet die skut weet dat hy/sy beperk word tot ’n enkele skoot en onder geen omstandighede toegelaat sal word om te herlaai in ’n poging om die klei wat gemis is of die tweede van die dubbelkleie te probeer skiet nie. Dus aanvaar die skut wat ’n enkelskoothaelgeweer gebruik dat hy/sy slegs een skoot per klei mag skiet en outomaties die tweede klei op dubbelkleie verbeur.

Die opstel van bane in hierdie gevalle word bepaal deur die baanoffisier by die spesifieke baan waar die skiet plaasvind.

Gewere se aksies moet by die ruil van skietpunte oop wees sonder patrone in die kamers.

Balkies

Balkies word toegeken vir hierdie kleiteikenskietoefeninge (skuts se onkoste). Administratiewe prosesse vir balkies vir haelgeweerskietoefeninge wat op takvlak afgehandel word sal deur die opleidingsafdeling by die nasionale kantoor hanteer word volgens die Vereniging se voorgeskrewe prosedure vir die aanvraag vir balkies vir skietoefeninge.

Balkies word soos volg toegeken: 80% tot 100% = goud; 70% tot 79% = silwer; 60% tot 69% = brons.

STREEKKOMPETISIES EN NASIONALE KAMPIOENSKAP (COMBINED PAIRS)

STREEKKOMPETISIES EN NASIONALE KAMPIOENSKAPPE WORD VOLGENS DIE COMBINED PAIRS REËLBOEK AANGEBIED MET ONDERSKEIDELIK 50 EN 100 KLEIBANE

Kleiteikenpare

2.1 Uitleg van skietbaan.

Die baan word afgebaken deur:

2.1.1 'n Reghoekige area, 40 m breed en 25 m diep (kleioorvlugarea).

2.1.2 'n Reghoekige area van 1.5 X 40 m tussen 4 m en 8 m agter die kleioorvlugarea waar die skietstaanders en/of skiethokke geplaas word (skiethokarea).

2.1.3 Hierdie baan kan bo-oor enige skeetbaan, trapbaan, trench baan, Compak sportbaan, 5-staander sportbaan, Fitasc-sportbaan en Engelse sportbaan uitgelê word en 'n baan wat spesifiek vir kleiteikenpare bedoel is.

2.1.4 Waar moontlik, moet vier vlae van 1.5 m hoog hierdie kleioorvlugarea op die grond aandui wat dit makliker maak vir diegene wat die teikenvlugbane opstel, soos geïllustreer op die skets hieronder, kloksgewys, vanaf A en die sye AB-BC-CD-DA wat die baan afbaken.

2.1.5 Die aantal kleiwerpers vir kleiteikenpare kan wissel van een tot twee kleiwerpers, afhangende van die teikenvlugbane. Indien daar meer kleiwerpers op die baan is, kan slegs 'n maksimum van twee werpers per staanplek gebruik word. Indien nog 'n staanplek op die baan opgestel word, moet een of twee verskillende kleiwerpers gebruik word, of 'n kombinasie van gebruikte en ander kleiwerpers.

2.1.6 Die posisie van die kleiwerpers kan na willekeur geplaas word indien hulle nie 'n gevaar vir die skuts, toeskouers, skeidsregters of verbygangers inhou nie.

2.1.7 Kleiwerpers wat agter die skiethokarea geposisioneer is, moet ten minste 4 m hoër en 8 meter agter die skiethok wees.

2.1.8 Indien daar geen wind is nie, moet al die teikens oor ten minste een kant van die ABCD-reghoek beweeg op ten minste een punt van hul oorvlug.

2.1.9 Die getal staanplekke waarvandaan geskiet word, kan na willekeur gekies word. 'n Maksimum van 3 staanplekke per baan kan gekies word, op voorwaarde dat daar nie meer as 24 teikens per baan is nie.

BAANUITLEG

Kleioorvlugarea

Skiethoksone



2.2 Teikenvlugbaan

2.2.1 Die teikenvlugbane moet varieer, m.a.w. stygend, dalend, inkomend, naderend, gelig, oorhoofs, haas, gedrewe, ens.

2.2.2 Dit moet moontlik wees om twee skote per teiken te skiet, hetsy op-roep, gelyktydig, of teikens vanaf elkeen van die skietstaanders in die kompetisie te volg indien dit veilig is vir skuts, skeidsregters, personeel, toeskouers, en verbygangers.

2.2.3 Wanneer deelnemers se vaardigheid dit toelaat (bv. wêreldklas mededingers) regverdig dit 'n groter uitdaging en kan teikens na willekeur gewerp word sonder om binne die kleioorvlugarea te bly.

2.3 Teikenvlugbane kan die volgende insluit:

2.3.1 'n Vlugbaan van links na regs wat kante AB en CD kruis

2.3.2 'n Vlugbaan van regs na links wat kante CD en AB kruis

2.3.3 'n Gedrewe teiken wat kante BC en AD kruis

2.3.4 'n Inkomende vlugbaan wat kant BC kruis

2.3.5 'n Valvlugbaan vanaf 'n valhuis voor die skiethok wat kant BC kruis

2.3.6 'n Sloot vlugbaan vanaf 'n sloothuis voor die skiethoksone verby en wat BC kruis

2.3.7 'n Toring/bult/struktuur van minstens 4 m hoog en minste 8 m agter die skiethokke wat AD of AD en BC kruis.

2.3.8 Ander vlugbane wat enige kant van die reghoek kruis.

2.3.9 Teikens moet by die topografie van die landskap pas.

2.3.10 Die vlugbane van kleiteikenpare moet kort wees en nie oor ander bane beweeg nie, maar kan vinnig, stadig, kurwend, stygend, dalend wees. Teikens met lang vlugbane kan die skiet onnodig vertraag.

2.4 Kleiwerpers

2.4.1 Tydens 'n kleiteikenpare-kompetisie mag net een of twee kleiwerpers gelyktydig gebruik word. Skuts skiet na teikens vanaf 'n skiethok binne die skiethoksone.

2.4.2 Die kleiwerpers mag met die hand, semi-outomaties, of outomaties geaktiveer word.

2.4.3 By kleiwerpers wat per hand geaktiveer word, is veiligheidsmaatreëls verpligtend om die operateur te beskerm teen gebreekte teikens en weerkaatsende haelkorrels.

2.4.4 Die kleiwerpers moet genommer wees (1, 2, 3, ens.) van links na regs, en elke posisie moet duidelik gemerk wees met 'n bord wat die nommer aandui.

2.5 Snellerstelsels

2.5.1 Die werpers kan met die hand, 'n afstandsbeheerstelsel, of 'n stemvrystellingsisteem beheer word

2.5.2 Indien die werper per hand of met ’n afstandbeheerde meganisme geaktiveer word, moet die teiken gewerp word binne 0 tot 3 sekondes ná die skut geroep het.

2.5.3 Vir stembevele moet die teiken gewerp word binne 0.5 sekondes na die skutsgeroep het.

2.6 Teikens

2.6.1 Alle soorte kleiteikens kan gebruik word, hetsy Normaal, Battue, Mini, Haas, Vuurpyl, Super Mini ens.

2.6.2 Die kleur van die teikens moet duidelik sigbaar wees teen die agtergrond, afhangende van die terrein, bv. as die teiken hoog in die lug gegooi word, gebruik 'n swart teiken wat die sigbaarste sal wees.

2.6.3 Maak seker dat die teikens óf 'n volledige onderkant óf 'n koepel vertoon. Dit is moeilik om teikens vanaf ’n sy-aansig te sien.

2.6.4 Dit is raadsaam om die Battue nie op baie kort vlugbaan te gebruik nie, en verkieslik as 'n inkomende teiken.

2.6.5 Werp Super Mini-teikens in die lug om die onderkant te wys.

2.7 Definisie van pare

2.7.1 Enkelpare (Single Pairs)

2.7.1.1 Enige twee enkelteikens wat gebruik word vir die roep, gelyktydig, of daaropvolgende pare.

2.7.1.2 Beide teikens word gewerp wanneer die skuts *trek* of *gereed* roep.

2.7.2 Oproep pare (On-report pairs)

2.7.2.1 Twee teikens word van een of twee verskillende kleiwerpers afgevuur.

2.7.2.2 Die eerste teiken word gewerp wanneer die skuts *trek* of *gereed* roep.

2.7.2.3 Die tweede teiken word binne 0 tot 3 sekondes gewerp ná die eerste skoot geskiet is.

2.7.3 Gelyktydige pare (Simultaneous pair)

2.7.3.1 Twee teikens word gelyktydig van een kleiwerper gevuur wanneer die skuts roep.

2.7.3.2 Of twee teikens word gelyktydig van twee verskillende kleiwerpers gegooi wanneer die skuts roep.

2.7.4 Opeenvolgende pare

2.7.4.1 Een teiken word van 'n valmasjien gewerp wanneer die skut roep.

2.7.4.2 Die tweede teiken moet so vinnig as moontlik na die eerste teiken volg as wat die kleiwerpers toelaat. Daar is dus twee teikens in die lug op dieselfde tyd.

2.7.5 Skiet op teikens

2.7.5.1 Twee skote mag op enige enkel teiken geskiet word.

2.7.5.2 By enige op-roep pare (on report) moet na beide teikens geskiet word. Die skut mag nie twee keer op die eerste teiken skiet nie.

2.7.5.3 Indien ’n skut beide teikens van ’n op-roep-paar (on-report) met een skoot tref, word die telling van die eerste teiken gekanselleer, en die tweede teiken is 'NO BIRD'. Die paar moet in dieselfde volgorde herhaal word, en slegs die resultaat van die tweede teiken word aangeteken.

2.7.5.4 By gelyktydige pare mag die teikens in enige volgorde geskiet word.

2.7.5.5 By enige gelyktydige pare moet skuts op beide teikens skiet. Die skut mag nie twee keer op een teiken skiet nie.

2.7.5.6 Indien 'n skuts beide teikens van 'n gelyktydige paar met een skoot tref, is dit ’n 'NO BIRD' en geen telling word aangeteken nie. Herhaal die paar.

2.8 Skietstaanders en -hokke (skiethoekbeperkers)

2.8.1 Die skietstaander of -hok bestaan uit 1.0 m x 1.0 m vierkante.

2.8.2 Die skietstaanders kan op enige plek in die skietpuntsone staan, 4 tot 8 meter agter en parallel met die AD-sy van die kleioorvlugarea.

2.8.3 Die skietstaander moet binne ’n raam van 1.0 m x 1.0 m afgebaken word.

2.8.4 Hokke (skiethoekbeperkers) moet oor elke skietstaanplek geplaas word om algemene veiligheid te verseker.

2.8.5 Die aanbevole skiethoekbeperkers is hieronder aangedui, maar ander ontwerpe word ook aanvaar.

2.8.6 Die hok moet:

2.8.6.1 elke kant doeltreffend beperk.

2.8.6.2 die vertikale skiethoek doeltreffend beperk.

2.8.6.3 verhoed dat die skuts vanaf die staander beweeg of vorentoe leun.